

18de Vegkop Grasren

9 Februarie 2019

Nog net 'n week om te wag vir die 18de Vegkop Grasren! Sorg dat jy 9 Februarie op die Vegkopterrein in Heilbron is om in die pret te kan deel. Hierdie jaar word daar weer 'n rekord getal deelnemers verwag saam met die talle uitstallers wat die dag gaan meemaak. Die omgewing is soos elke jaar pragtig, ten spyte daarvan dat die veld nog nie heeltemal groen ingekleur is nie - daar word wel reën voorspel en dit kan sorg vir 'n lekker nat grasren. Die dag gaan vol opwinding wees, met baie pryse op die spel. Slegs voertuie sal die tradisionele roete hierdie jaar volg. Die wegspring is vanaf 08:00 tot 11:00 en die 4x4's sal ook gebruik maak van bogenoemde roete. Daar sal aan die hindernisse deelgeneem kan word op die Vegkopterrein - vanaf 08:30. Alle motorfietse vertrek vanaf 07:00 op roete wat slegs vir motorfietse uitgelê is. Die roete strek ongeveer 30 tot 35 kilometer en deelnemers kan soveel rondtes ry soos wat hulle wil. Die laaste rondte sluit om 11:00. Daar sal 'n Zero-zone pitstop wees wat behartig word deur Yamaha, Honda en SMR. Coke sal ook verserings voorsien en besoekers sal 'n uitkyk-

punt by die pitstop kan geniet. Die Quater Mile was natuurlik 'n groot sukses in 2018. Dit begin hierdie jaar stiptelik om 12:00. Moet dit nie misloop nie! Die prysuitdeling begin om 16:00. Sorg dat jy vroegoggend op die terrein is vir registrasie van deelnemers wat om 06:00 begin.

Surina, meer bekend as Flooze, tree gedurende die dag as gaskunstenaar op, en weer na die prysuitdeling. Daar sal baie kosstalletjies en verversings op die terrein beskikbaar wees - 'n kontantkroeg, De Vry Distillery en Van Loveren se Slush Puppies. Standard Bank sal 'n ATM op die perseel hê vir diegene wat kontant benodig.

Loer gerus op die Facebook-blad, Vegkop Rally 2019 vir meer inligting. Gaan plaas ook jou gransren foto van die dag op die @vegkoprally Facebook-blad en staan 'n kans om met 'n prys weg te stap. "Tag" jouself en vra jou vriende om jou foto te gaan "like". Die foto met die meeste "likes" sal 'n prys ontvang. Die kompetisie sluit Donderdag 14 Februarie 2019 om 08:00. Die prys is nie verruilbaar nie.



SPAR
JANUARY
BUDGET
BOOSTER

SPAR Rewards
Instant Savings

ERSKLUIFDE VIR SPAR REWARDS-LEDE. SLUIT VANDAG NOG AAN. DIS GRATIS | www.spar.co.za • Vind ons op /myspar

50% AFSLAG
- OP JOU INKOPIES -
VIR 20 000
- KLANTE -

47⁹⁹

39⁹⁹
each

69⁹⁹
per kg

AS SEEN ON TV

59⁹⁹
per pack

21⁹⁹
per pack

22⁹⁹

AS SEEN ON TV

54⁹⁹
each

AS SEEN ON TV

R1 off x 20

STORE PRICE **R13⁹⁹** each
Rewards members pay: **R12⁹⁹** each

Sunlight Regular or Tropical 2 in 1 Hand Washing Powder 3 kg

54⁹⁹
each

Kry ons op [/myspar](#) Vir meer besonderhede: www.spar.co.za of in die winkel

Beperk tot een per persoon. SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitsonderlik) tot en met 3 Februarie 2019. Hierdie aanbod hou. Dit behou die reg voor om besonderhede te beperk. TV produkte is slegs beskikbaar in die Upington of Keeroms area, Kwazulu-Natal, die Limpopo en die West- en Oos-Kaap. Priese sal BTW in.